

26 Junie

Skrifgedeelte: Habakuk 3 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Habakuk 3: 2 en 3

Hemel en aarde prys die regverdige, maar liefdevolle

Here

Habakuk profeteer oor 'n tyd toe die Here heidense wreedaards gebruik het om sy kinders te straf. As so-iets nodig word, is dit laat in die dag in 'n volk se geskiedenis.

Habakuk sing die klaaglied toe die klein Juda geweldig vervolgt was. Profete moes waarsku dat die Here hulle sonde sal straf. Uiteindelik kom die Chaldeërs as die straf oor hulle morele bankrotskap en ongehoorsame lewenstyl.

Vandag loop ons ons ook teen die gevolge van ons eie sonde en dié van ander te pletter. Ons ken die wrede gesig van haat teenoor naastes en vreemdes. Ons hospitale loop oor weens ongebreidelde moord, doodslag en onverskilligheid op ons paaië.

In Juda se geskiedenis het baie konings afgode verkies bo die Here. Enkeles, soos Josia, het nog die Here gedien, maar konings soos Manasse se ryk het morele verval verpersoonlik. Onder sulke omstandighede hoor ons Habakuk se trooslied op 'n klaaglied-wysie: Die Here straf ongehoorsames en hoogmoediges, maar Hy wil nogtans sy volk red (vs 13).

Selfs al voel ons die Here se straf, kan ons genade afbid. Habakuk vra dat God Hom oor Juda sal ontferm, selfs in sy toorn (vs 2). Wat 'n kontras! Die Here laat sy kinders straf deur wrede Chaldeërs – mense so goddeloos dat Hy hulle ook later moet straf. Deur die straf wil die Here egter sy volk red.

Hoe genadig en geduldig is die Here met ons! Ons verdien oor en oor ons straf, maar die Heilige God wil ons steeds uit ons sonde red. Die hemelruim is vol van sy majesteit en die aarde is vol van die Heilige, maar liefdevolle God se roem.

Sing: Psalm 116: 4, 10 (1936-beryming)

Ds KA J van Rensburg (Paarl)